# Smaak en sien dat die Here goed is

Terwyl ek gisteraand oor die mannekamp nadink en veral oor Sondag oggend se bediening van die Skrif, *"Smaak en sien dat die Here goed is ..." (Psalm 34:9)*, herinner die Here my aan 'n woord wat Hy my ongeveer 30 jaar gelede gegee het. Sedertdien het hierdie woord 'n merkwaardige koninkryksingesteldheid vir my geword.

**Wys my u heerlikheid**

Ek het daardie tyd gereeld oor die heerlikheid van die Here gepreek soos wat Hy dit aan my openbaar het. Ek het op 'n punt gekom waar ek daarna verlang het en begin bid het, *"Here, wys my u heerlikheid."*

Hierdie gebed het ek vir lank gebid en ek het 'n verwagting gehad dat die Here een of ander tyd die hemele sou oopmaak sodat ek sy heerlikheid sou kon sien. Op 'n dag het die Heilige Gees deur sy Woord met my gepraat.

**Ongelowige Thomas**

Ek was besig om die gedeelte in Johannes 20:24-31 te lees waar Thomas oor Jesus se opstanding getwyfel en aan die ander dissipels gesê het:

> *Joh 20:25 "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die*

*spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."*

Jesus het weer 'n paar dae later aan die dissipels verskyn en 'n verbaasde Thomas uitgenooi om sy vinger in die spykers se letsels te sit. Thomas antwoord Hom toe,

*20:28 "My Here en my God!"*

Jesus sê toe vir hom iets merkwaardig:

*20:29 "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het."*

Die Engelse weergawe van hierdie Skrif sê

*20:29 "... **More blessed** are those who **don't see** and **yet believe**."*

Toe ek dit lees, het die Heilige Gees hierdie gedeelte aan my uitgelig en gesê dat Hy verkies dat ek glo, al het ek sy heerlikheid nie fisies met my eie oë gesien nie. Dit is GELOOF wat God behaag *(Hebreërs 11:6).* Daar en dan het ek besluit dat ek gehoorsaam sou wees en dat ek my lewe sou lei asof ek Hom in sy volle heerlikheid gesien het, met ander woorde om in geloof te leef sonder die behoefte om voortdurend 'n fisiese bevestiging in ongeloof te soek. Ek sou eerder sy heerlikheid deur die oë van geloof *"sien"*, dit volgens die Woord glo en daarvolgens 'n lewe van geloof lei.

**Hanna**

Wanneer mens vanuit daardie sienswyse leef, met Psalm 34:9 as ons riglyn, sal ons die Here se goedheid deur geloof *"smaak"*, selfs al sien ons dit nie altyd met ons natuurlike oë nie. 1Samuel 1:12-18 beskryf dit so mooi. Hanna het met 'n bedroefde hart na die Here uitgeroep vir 'n seun. Eli het gedink sy was dronk en het haar daaroor vermaan. Hanna het geantwoord dat sy nie dronk was nie, maar dat sy eerder haar siel voor die Here uitgestort het. Eli het haar toe met 'n profetiese woord geantwoord:

> *1Sam 1:17 "Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou bede gee wat jy van Hom gebid het."*

Let op Hanna se veranderde optrede.

> *1:18 "... en sy het geëet en haar aangesig was anders."*

Hierdie is die gesig van geloof. Sy het nog nie haar seun gehad nie – inderdaad sy was nog nie eers by haar man nie – tog het die verandering in haar gesig van die waarheid getuig dat sy alreeds haar kind in die gees ontvang het; met ander woorde sy het opgetree asof sy alreeds swanger was.

Hierdie is die tipe geloof waarna die Vader verlang. Nie 'n *"geloof"* wat jubel wanneer die kind eers gebore is nie. Kyk wat sê Jesaja:

> *Jes 54:1 "JUBEL, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig ..."*

Wanneer behoort die onvrugbare te jubel? Dit is wanneer hulle *nog nie* kinders het nie. Dit is in die gejubel en gejuig van geloof dat die kinders aan haar *gegee word*. Sy *ontvang die kind in die gees* en sy begin alreeds jubel nog voordat sy haar man eers benader het.

Om te *"smaak en sien"* is dus iets wat in geloof gedoen word. *Jou aangesig verander*. Jy is vol vreugde omdat God goed is, selfs voordat jy die uiteinde van daardie goedheid in jou eie lewe gesien of ervaar het. Hierdie is die tipe geloof wat God behaag en Hom trots maak op jou, net soos Hy trots was op Abraham en al daardie manne en vroue van geloof waarvan ons in Hebreërs 11 lees. Hy noem hulle sy kinders, sy vriende, en daarom *"... skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie ..." (Hebreërs 11:16)*.

Mag ek jou aanmoedig om 'n soortgelyke geloof te hê, 'n geloof wat God se goedheid deur die oë van geloof sien. Mag jou hart jubel van blydskap in Hom.

*Henry Jackson*